DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

# menlo-insig

3/2025

7 Februarie 2025

## LIEWE MENLO

Gesprekke tussen kleuters is dikwels 'n bron van vermaak. So bevind die Insig haarself verlede week tydens die uitnodigingsbyeenkoms in die Kaf se ry waar 'n gesprek tussen Kleinman en sy maat plaasvind. Trots vertel Kleinman – hy is vermoedelik deel van die Klas van 2038 – hoe sy pa verlede week 'n respekboom in hulle tuin geplant het. Die verbaasde frons op sy maatjie se gesig is klaarblyklik 'n uitnodiging om meer te vertel en 'n paar oomblikke later weet almal in die kafeteria se freezo-ry waarom spekbome soveel respek verdien. Eindelik neem die aspirantbotanikus 'n asemteug en dis toe dat sy maatjie dit vol bravade uitblaker: "Dis 'n SPEKboom, nie 'n RESPEKboom nie!"

Meneer Hartman het verlede jaar 'n nuwe spekboomtradisie op Menlo-bodem gevestig en as jy mooi kyk, sien jy dat hier eintlik 'n spekboomwoud aan't groei is. Nes hierdie besonderse plant, het die nuwe graadagts blitsvinnig wortelgeskiet. Een dag was hulle nog laerskoolleerders en die volgende staan hulle hulle plek as waardige Menloparkers vol. Kyk jy na die selfvertroue en lewensvreugde wat deur die Parkies uitgestraal word, is dit duidelik dat hulle hier floreer.

Bome word dikwels geplant om die omgewing te verfraai, maar die dieper doel van boomplant is om die wêreld te verander. Hier op die skaduryke Menlo-kampus, in die middel van die betonoerwoud, is dit – om 'n verskil te maak – ons strewe.

Om te groei is nie altyd maklik nie. Tog kry die Parkies dit met soveel grasie reg. Kleinman het miskien 'n punt beet. Dalk moet ons dit tog oorweeg om die spekboom se naam te verander...





## MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word na die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, uitgenooi. Navrae en gebedsversoeke: 082 579 4968.

**JESAJA 43:19 AFR 1983-VERTALING**

Kyk, Ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring.

## DAGBOEK

**7/2**
Atletiek: Massabyeenkoms (tuis)
Tennis: Boland Landbouskool – 8/2

**8/2**
Atletiek: Curro Podium Nasionale Finaal (Pilditch)

**10/2**
Debat: ATKV-uitdunne
Swem: Spanete (Saal, 18:30 – 20:00)

**11/2**
Swem: A-liga-interhoër
Akademie: Verrykingsakademie (Ouditorium, 19:00)

**12/2**
Atletiek: Helpmekaar Goue Liga
Swem: B-liga interhoër
Orkes: Kenmekaar (AHMP, 18:00 – 21:00)

**13/2**
Tennis: Groot 5-toernooi (Nelspruit)
Debat: Ouerinligtingsaand (Personeelkamer, 16:00)




## AKADEMIE

### 2024 se toppresteerders bekend

Vasberadenheid en dissipline is die brug tussen doelwitte en prestasie. Op Menlo-bodem word die hoogste daagliks nagestreef en die skool gee graag erkenning aan leerders wat die gaping tussen hoop en aktualisering verlede jaar oorbrug het.

Akademiese toekenningsaande op Menlo-bodem is stylvolle geleenthede waar leerders se merkwaardige prestasies in die teenwoordigheid van hulle ouers, onderwysers en eweknieë gevier word. Me. Tanya Matthysen staan aan die hoof van die reëlings en die skool bedank haar graag vir die sorgsame manier waarop hierdie geleenthede behartig is. Die keurige dekor, pragtige musiekitems en foutlose uitvoering van die program het verseker dat elke gas belangrik voel en die saal met waardering verlaat. Die skool bedank verder vir pastoor Tops de Jager en ds. Fritz Snyman vir die betekenisvolle boodskappe waarmee die verrigtinge telkens geopen is.





Die top-20-leerders vir 2024 is soos volg:

### Graad 8

20. Jacques Malan, Mieke van den Berg & Clarisé van Niekerk, 19. Reinhard Langenhoven, 18. Lyla Hutton, 17. Chay Kartsen, 16. Ava van der Linde, 15. Isabella van der Merwe, 13. Leila du Plessis & Heinz Kunzmann, 12. Lua Pretorius, 11. Leah de Witt, 10. Jaco Aldum, 8. Heinrich Coertze & Leané Gerber, 7. Raine Smit, 6. Janelle Kirkpatrick, 5. Lize Coetzee, 4. Divan Heyl, 3. Ruan Nieuwenhuys, 2. Mari Coetzee, 1. Zea de Villiers (94,22%).

### Graad 9

20. Rosalie Louw & Stehan Serfontein, 19. Gia Marais, 18. Nicole Enslin, 17. Liané van Sittert, 16. Markus de Jager, 15. Leila Arnoldi, 14. Danté Slabbert, 13. Kendra van Dijk, 12. Joshua Muller, 11. Erwee Blom, 10. Luané Erasmus, 9. Talia Jonker, 8. Ethan Steenkamp, 5. Selie de Viliers, Clarabelle Haasbroek & Simoné Spies, 4. Milan Visser, 3. Liané de Wet, 2. Gisele Geldenhuys, 1. Adri de Beer (96.22%).

### Graad 10

20. Tayla Botha, 18. Murray Hofmeyr & Xanté Strauss, 17. Skye Smit, 16. Karla van Rooyen, 15. Xander Smith, 14. Wynand Botha, 13. Lauren Malan, 10. Ciana Kruger, Enya Pretorius & Corlise Potgieter, 9. Liam de Koning, 8. Le Roux van Wyk, 6. Nicholas Pretorius & Clara Serfontein, 5. Rian Knoesen, 4. Livvy Pienaar, 3. Luka Smit, 2. Luan Visser, 1. Erik Senekal (97.14%).

### Graad 11

20. Telani Janse van Rensburg, 19. Isabeau van Helsdingen, 17. Micaela Swart & Madia van der Westhuizen, 16. Mikayla Smit, 15. Ininke Human, 14. Gerhard Mahne, 13. Mila Stander, 12. David Kunzmann, 11. Deané van Zyl, 10. Megan Johnson, 9. Ryan Hill, 8. Elzette Fouche, 7. Andries Beyers, 5. Chenay de Jager & Wihan Vermeulen, 4. Elsjé Groenewald, 3. Jasper Smit, 2. Melike Spies, 1. Wilna Beetge (96,29%).










## Deutschland ist prima!

Nina Dicks, Danielle Kohlmeyer, Zané Smit en Anika Stoman is vier dapper dames wat die Suid-Afrikaanse somer vanjaar vir Duitsland se ysige winterkoue verruil het. Nina het reeds aan die einde van November, vir deelname aan die sesweekuitruilprogram, na Duitsland vertrek. Danielle, Zané en Anika was kort op haar hakke en het vier weke in Duitsland deurgebring.

Die Insig was op 10 Januarie vanjaar op die lughawe om die viermanskap terug te verwelkom, maar die spoed waarteen hulle (*auf Deutsch!*) van hulle avonture vertel het, het die Insig se luistervaadighede verbygesteek. Die Insig het gevolglik besluit dat die foto's maar eerder die praatwerk moet doen.

Die uitruilprogram behels egter nie net rondrits en toeris speel nie. Daar is kliphard skoolgegaan en baie Duits geleer. Om vir 'n paar weke 'n vlieg teen die muur van 'n vreemde gesin te wees en die soet en suur van broers en susters in 'n ander gesin as jou eie te leer ken, is 'n uitdaging op sy eie. Uitruilstudente word daarop voorberei dat hul gasma's dalk vreemde teksture en geure in die kombuis mag optower en daarvoor is die noodpakkie Provitas en beskuit in die tas gereeld ingespan!

Skoolgaan in 'n gans ander sisteem as waaraan jy op Menlo-bodem gewoond is, is interessant, maar verg ook uithou- en deursettingsvermoë. Die persoonlike groei en nuutverworwe selfvertroue (en Duitse kennis) na so 'n uitruilprogram is egter weergaloos. Welkom terug aan hierdie brawe Parkies!







## DNS staan vir ...

Die gr. 12-leerders het hulle lywe verlede week forensiese wetenskaplikes gehou en DNS-ekstraksies uit aarbeie, as deel van 'n formele assessering in Lewenswetenskappe, gemaak.

In graad 12 word hierdie ongelooflike molekule wat die geheim van elkeen van ons se lewens bevat, bestudeer. DNS se storie begin reeds in 1953, toe James Watson en Francis Crick die struktuur van *deoksiribonukleïensuur* uitgevind het en die Nobelprys vir Fisiologie en/of Medisyne in 1962 gewen het – 'n verhaal wat enigiemand wat in biotegnologie, forensiese werk en biomediese ingenieurswese belangstel se aandag sal trek. Wetenskaplikes breek die selle en kernmembrane van lewende dinge, of die kapsules van virusse, oop. Daarna skei en suiwer hulle die DNA (of virale RNA) wat daarbinne gevind word.

Die prakties wat die gr. 12's gedoen het, is nie net die eerste tree om die wonderwêreld van DNS te ontsluit nie, maar ook die eerste stap wat forensiese wetenskaplikes in laboratoriums doen om die DNS van biologiese getuienis wat op 'n misdaadtoneel gevind word, te onttrek om sodoende 'n DNS-profiel van die oortreder saam te stel. Die Parkies wat die DNS van aarbeie probeer ontsyfer het, lyk almal ingenome met die bevindings en weet na dese dat hierdie oortreder stroopsoet is.






# MUSIEK

## Mamma Mia! Menlo-musiek slaag almal met lof!

Hartlik geluk aan die volgende leerders van Menlo se musiek-akademie. Hierdie Parkies het aan die einde van verlede jaar eksamen afgelê en 'n ieder en elk het hulle eksamen met lof geslaag. Baie geluk aan elkeen van hierdie leerders en hulle bekwame musiekonderwysers.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Jan-Hendrik Swanepoel | UNISA | Tjello & Teorie | Gr. 3 |
| Gerhard Mahne | ABRSM | Klavier | Gr. 8 |
| Clara Serfontein | UNISA | Teorie | Gr. 3 |
| Nica Thyunsma | UNISA | Teorie | Gr. 3 |
| Lynette Gildenhuys | UNISA | Teorie | Gr. 3 |
| Nina Louw | UNISA | Teorie | Gr. 3 |
| Liesl van den Berg | UNISA | Teorie | Gr. 4 |
| Liam de Koning | UNISA | Teorie | Gr. 5 |
| Erich Pieterse | Trinity | Klassieke kitaar | Gr. 4 |
| Kaylim Bushby | UNISA | Teorie | Gr. 3 |

### Kleure en erekleure: laaste kans

Me. Jeanmari van Papendorp herinner alle Menlo-musikante dat hulle vorms vir kleure en erekleure dringend by haar ingehandig moet word.












# SPOG

## Ichi, Ni, San...

Voordat Mienke du Randt verlede naweek tot by drie kon tel, het sy reeds by die Gauteng Karatekampioenskap vir die SA's gekwalifiseer deur die volgende prestasies te behaal: Kumite (silwer) en Kata (brons). Welgedaan!

## Een Parkie. TWEEkamp. Derde plek.

Baie geluk aan Max Wilkins wat die derde plek by verlede naweek se interstreekse tweekamp behaal het. Die talentvolle sportman het 'n allemintige 1 973,46 punte bymekaargemaak om die brons medalje voor sy teenstanders weg te raap.




# ATLETIEK

## Ons is die Parkies en as jul nie kan hoor nie…

Natuurlik is ons die Parkies en na verlede Vrydagaand se byeenkoms is daar geen twyfel meer nie: die blou, wit en rooi atletiekmasjien is in aantog.

Die dreunsang op die pawiljoen het die atlete aangehits om uitstekende prestasies te lewer en met soveel merkwaardige vertonings is dit moeilik om enigiemand uit te sonder. Diskusse is oor die veld geslinger, spiese is geplant en waar gewigstootballe geland het, is die maatband vir die Richterskaal verruil. Aan die oorkant van die veld is daar korte mette van Fosbury-flops gemaak, terwyl Parkie-tone selde aan die verkeerde kant van die verspringplank betrap is. Op die baan was een asemteug genoeg brandstof om die pylvak te troef en die 200's, 400's en 800's is met die wind in ons seile aangedurf. Teen hierdie tyd is daar waarskynlik nie 'n enkele sosialemediagebruiker wat nog nie Taelin Smith se magiese sprong van 2,11 m gesien het nie.

Baie dankie aan me. Lelanie van Wyk, mnr. JJ Smith en die formidabele afrigterspan wat elke Menlo-byeenkoms met olimpiese erns bejeën.

Hier volg die name van die atlete wat meer as 900 punte op die APE-tabel behaal het:

### Dogters

| | |
|---|---|
| Megan Nieman | 100 m & 400 m-hekkies |
| Janelle Kirkpatrick | 90 m & 300 m-hekkies |
| Chirsté Loedolff | Diskus |
| Liné de Villiers | 400 m-hekkies & 400 m |
| Sunelle Burger | 90 m-hekkies |
| Merlé J v Rensburg | Diskus |
| Juané Jordaan | 200 m |

### Seuns

| | |
|---|---|
| Joshua Gerber | Diskus |
| Jaco van Dyk | Gewigstoot & Diskus |
| Taelin Smith | Hoogspring |
| Erik Senekal | Gewigstoot |
| Chris Swanepoel | Gewigstoot |

Volg gerus die twee skakels hier onder vir meer aksie op die baan en veld:

Skakels: Menlo-atletiek kook!













# MENLO-INLIGTING

## 1 MENLO-SPORTWINKEL

*(Sportklere, Menlo-ondersteunersdrag & Menlo-sambrele)*
Kontakpersoon: Mnr. Tinus Vermaak
(082 322 6081)

**1ste tot 3e kwartaal**
- Maandag, Dinsdag & Donderdag: 13:30 - 14:30
- Woensdag & Vrydag: 07:00-08:00

**4e kwartaal**
- Maandag, Dinsdag & Donderdag: 13:45 - 14:15
- Woensdag & Vrydag: 07:15-07:45

## 2 MENLO-KLEREBANK

Kontakpersoon: Me. Lize Preston
(lize.preston@menlopark.co.za)
Slegs per afspraak.

## 3 SPORTKLERE MET KARAKTER

Kontakpersoon: Me. Estelle Velloen
(estelle.velloen@menlopark.co.za)

## 4 BEMARKINGSKANTOOR



## 5 EKSTRA KLASSE

**Wiskunde:**
Graad 8: Maandae
Graad 9: Woensdae
Graad 10: Dinsdae
Graad 11: Maandae
Graad 12: Donderdae
Inligting (tye en lokale) is by wiskunde-onderwysers beskikbaar.

**Fisiese Wetenskappe:**
Graad 12: Maandae in D2
Graad 11: Dinsdae in H9
Graad 10: Donderdae in H10

Fisiese Wetenskappe (vraag-en-antwoordsessies)
Klastye: 14:10 - 15:00

## 6 TOETSROOSTERS

Raadpleeg die skool se webblad.

## 7 ALGEMEEN

- Die onderwysers se kontakbesonderhede is op die skool se webblad beskikbaar.
- **Menlo is kontantloos!**

**Bestellings: Individuele foto's:**
**Miracles Photography**
Verwys gerus na die e-pos wat vandeesweek aan ouers gestuur is.

# MARKPLEIN


## Julle is helde!

★★★★★

Baie dankie, WIRUlink. Julle is helde. Dankie dat julle die tyd geneem het om die probleem te analiseer en dit op so 'n professionele en vinnige manier op te los. Julle is ongelooflik, en ek kan julle nie genoeg bedank nie!

***Reghardt***

***Jou BESTE Plaaslike Internet Verskaffer.***

wirulink
wireless · fibre · voice · data

RUSH NETWORK MetroFibre DFA VUMA Frogfoot openserve



## Die nutsman

**Cornelius Steyn**

Moenie dat instandhoudingstake jou onderkry nie.

Skakel Cornelius vandag!

**081 421 9233**



## Te huur

Moderne tuinwoonstel vir 'n enkelpersoon

Stapafstand van Die Hoërskool Menlopark.

**Skakel: 083 659 2494**